
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Daar is twee Nagmaal elemente

Dit is belangrik dat ons onthou dat die Nagmaal uit twee elemente bestaan.

"Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?" 1 Kor. 10:16. Die Skrif verbind dikwels sonde met siekte, soos ons uit die volgende Skrifte sien: Jakobus, Jesus se broer skryf in **Jak. 5:15: "En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."**

Let op: (sonde en siekte) **Joh.5:14: Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: "Kyk jy het gesond geword; MOENIE MEER SONDIG NIE, SODAT DAAR NIE IETS ERGERS MET JOU GEBEUR NIE."**

Matt. 9:5-6: Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! Of om te sê: Staan op en loop? Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe – toe sê Hy vir die verlamde man: "Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe." Mark. 2 vers 9: Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! Of om te sê; Staan op neem jou bed op en loop.

Die twee elemente van die nagmaal bestaan uit die brood en die wyn. Die wyn, simbool van die Bloed, het vir ons sondes betaal. Die Brood, simbool van Sy liggaam, het vir ons siektes betaal. As daar geen onbelyde SONDE toegelaat is om `n houvas in ons lewens te kry nie (deurdat belydenis van alle sondes daagliks gedoen word, voordat die NAGMAALS ELEMENTE gebruik word), sal geen siekte `n houvas op ons kry nie. Waarom twee elemente en nie net een nie? God het `n doel gehad waarom Hy aan ons twee elemente gegee het wanneer ons Jesus se dood herdenk. Die Bloed het vir al ons geestelike behoeftes betaal, en die Brood het vir ons fisiese



Deur die wonde van Jesus is ons genees

> **1 Pet. 2:24: wat self ons sondes in Sy Liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe: deur wie se wonde julle genees is.**

behoeftes betaal. Daar was een offer maar twee elemente.

Die soort brood en wyn wat gebruik word is nie so belangrik nie, want dit is net simbole van die Here se Liggaam en Bloed. Ek glo dat hulle in die Ou en Nuwe Testamente ongesuurde brood en nie-alkoholiese drank gebruik het, met die Paasfees en Nagmaal. Moet egter nie toelaat dat hierdie klein puntjie jou daarvan weerhou om die Here se seën te mis, met die gebruik van die nagmaal nie. Die rede waarom nagmaal gebruik word, is om die offerdood van Jesus in herinnering te roep, met harte vol dankbaarheid en danksegging. Lees Paulus se verduideliking van die Nagmaal in 1 Kor.11:23 – 34.

Jesus Christus het gesê dat die brood Sy Liggaam is en die beker Sy Bloed bevat. Dit is natuurlik simbolies, want Hy was nog lewendig toe Hy dit gesê het en die eerste nagmaal, die laaste Paasfeesmaal bedien het. Laat ons terug gaan na die Ou Testament en vasstel waarom Jesus aan die kruis moes sterf. God spreek deur Sy profeet Jesaja en deur in die toekoms na die kruis te kyk, profeteer hy aangaande die Lydende Messias.

Jes. 53:4-5: Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die staf wat vir ons die vrede aan bring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jes. 53:4 en 5)

Daar staan duidelik dat Hy vir *ons smarte*, *ongeregtighede en krankhede* sou sterf en dat daar deur Sy Wonde vir ons genesing sou kom! (Jes. 53:4-5) Dit is bykans 600 - 700 jaar voor die Kruisiging van Jesus Christus dat Jesaja dit deur die inspirasie van die Heilige Gees geprofiteer het. Gedurende daardie tyd was die Romeinse kruisiging – (mens wat aan `n kruis gespyker is om te sterf) – nog onbekend in die Heilige Land.

Matt. 8:16 – 17: En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Deur die wonde van Jesus)
gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak.

Sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra. In Matt.8:17 bevestig Mattheus, Jes.53:4 & 5 waar hy van Jesus praat. Hy kyk na Jesus en sien dat Hy al die siekes wat na Hom gekom het genees; hy besef toe dat dit die vervulling is van Jesaja se profesie.

1 Pet. 2:24: wat self ons sondes in Sy Liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe: deur wie se wonde julle genees is.

Hier kyk Petrus terug na die Kruis en dink aan Jesus se bediening op aarde en ook hy bevestig en staaf weereens die redes en gevolge van Sy kruisdood. (Let op die drie getuies in die Woord: Jes., Matt. en Pet. – die waarheid is bevestig).

Die onbetwisbare feit dat daar deur Jesus Christus se wonde vir ons, God se Kinders, genesing verkry kon word, was die een ding wat die Here sonder twyfel aan my bevestig en gewys het na my bekering. Tot op daardie stadium het ek na al die verskillende menslike leerstellings aangaande genesing geluister, maar toe ek self die Bybel begin lees, het my oë oopgegaan, en was die Woord baie duidelik. Dit het lewe gegee! God spreek uitdruklik van genesing in Sy Woord en Hy bevestig dit deur Jesus se offer aan die kruis.

Gedurende die laaste paar jaar het God geleidelik aan my meer en meer geopenbaar aangaande die wonde van Jesus en wat daardie dag, aan die kruis gebeur het: *Die wonde wat genesing vir ons verkry het.*

Wanneer ek hierdie openbaring met iemand deel, is ek altyd diep ontroerd, ek voel dat menslike taal nie ten volle die intensiteit van Sy lyding kan beskryf nie. Ek word altyd deur my emosies oorweldig as ek aan hierdie feite dink, veral omdat ek 'n mediese dokter is en vir vyf-en-twintig jaar Distrik Geneesheer was en al soveel pyn en lyding gesien het. Miskien kan ek as dokter met groter begrip Sy kruisiging in verband bring met Sy lyding en dit beter verstaan.

In die Tuin van Getsemanè, het Hy as `n mens geworstel, maar tog ook as die Seun van God, met die kennis dat Hy en Hy alleen hierdie beker moes drink! Watter verskriklike verstandelike wroeging en marteling moes Hy nie deurgaan nie, want Hy het geweet watter prys Hy moes betaal , Hy het geweet wat vir Hom voorgelê het. Hy was ten volle mens, tog ook ten volle God en net Hy kon die volle prys betaal. Hy het gesê dat niemand Sy lewe neem nie, maar dat Hy dit self neerlê. Dit was Sy besluit om vir my en jou te sterf, maar deur die besluit te neem het Hy bloed gesweet! Hierna is Hy gevange geneem, (Luk.22:44).

Die Bybel vertel dat Hy regdeur die nag met stokke en riete geslaan is. Hy was geblinddoek en bespot. Romeinse soldate het Hom met hul vuiste geslaan en uitgedaag om te profeteer wie Hom geslaan het (Luk. 22:62).

Ek glo dat in hierdie proses Sy tande uitgeslaan is en Sy lippe geskeur is. Ek glo dat Sy neus beskadig was van die houe en Sy oë toegeswel was van die slae en kneusings, wat dit vir Hom moeilik gemaak het om te sien. Sy oordromme het gebars van die houe teen die kante van Sy hoof want hulle het Hom met oop handpalms geslaan.

Hy was gruwelik aangerand. Die Bybel sê dat Hy *onherkenbaar* was (Jes.52:14). Die soldate en omstanders het Hom bespot en na

> **Wanneer ek hierdie openbaring met iemand deel, is ek altyd diep ontroerd, ek voel dat menslike taal nie ten volle die intensiteit van Sy lyding kan beskryf nie**

Hom gespoeg. Hulle het Sy baard uitgepluk (Jes. 50:6). Jy weet hoe seer dit is om net een wenkbrou-haartjie uit te trek – en Jesus se baard is met growwe en wrede hande gegryp en uitgeruk.

Toe het hulle Hom gegesel! 'n Uiters wrede straf waartydens baie gesterf het.

Sy hande is bokant Sy kop aan `n balk vasgemaak en 'n groot, sterk Romeinse soldaat het die kats geneem en die liggaam 39 houe toegedien. (Volgens Romeinse wet, mag daar nie meer as 40 houe toegedien word nie, en om die verbreking van hierdie wet te voorkom is dit, deur die Jode, op 39 vasgestel.).

Volgens die geskiedenis, het die kats wat gebruik is vir hierdie geseling, 'n kort hout handvatsel gehad waaraan nege leer stange was en elkeen het stukkies glas, been en klip daarin gevleg gehad. Elke hou was dus in werklikheid nege houe. Met elke hou het die stukkies glas, been en klip deur die vlees tot op die been geklowe en stukkies vleis uitgeruk. Die wet het bepaal dat tweederdes van die houe op die agterkant van die liggaam moes wees en eenderde op die voorkant. Sy liggaam het soos 'n geploegde land gelyk, soos deur die Psalmis geprofeteer is (Ps.129:3) omtrent 'n duisend jaar voor die kruisiging. Die kats het in pekelwater gelê, wat die geweldige pyn met elke hou vererger het, en elke hou het gebrand soos 'n kool vuur. `n Soutoplossing brand soos vuur in `n oop wond.

'n Purper kleed is oor die rou, bloeiende wonde van Jesus gehang en later weer, nadat die bloed gestol het, afgeruk en dit vererger.

'n Kroon van dorings is op Sy kop geplaas (Joh. 19:2 en 5). Ek het twee dinge omtrent die doringkroon uitgevind. Eerstens was dit nie `n *sirkel van dorings nie,* maar `n *mus van dorings* wat die hele kopvel bedek het. Tweedens was dit gemaak van `n inheemse struik, met lang dorings soos vishoeke en was ongeveer 2,5 cm. lank. As dit eers eenmaal ingesteek het, hak dit vas en kon dit nie maklik uitgetrek word nie. Sy "kroon" moes op sigself 'n geweldige straf gewees het!

Jesus moes Sy kruis teen `n steil heuwel na Golgota uitdra en dit nadat Hy die hele nag mishandel is en baie bloed verloor het as gevolg van die geselwonde. Dit was 'n swaar kruis van plus minus 75 kg en Hy het onder hierdie geweldige gewig gestruikel, weens swakheid. Met Sy struikeling het Hy waarskynlik geval. Sy knieë en elmboë was stukkend van die val. Onthou dat Hy baie bloed verloor het en baie swak was.

Op hierdie punt wil ek van die Skrif afwyk en my eie indrukke, gebaseer op Bybelse feite van Jesus, as `n man weergee. Hy word dikwels uitgebeeld as 'n tingerige, skraal man, sagmoedig en beskeie, geklee in `n lang kleed terwyl Hy 'n lammetjie vashou. My gevolgtrekking, wat meer logies is, is egter dat Jesus `n sterkgeboude man was met geweldige charisma. Ek baseer hierdie afleiding op die feit dat Hy `n skrynwerker was gedurende Sy tiener en vroeë volwasse lewe. Ons weet ook dat daar geen meganiese gereedskap was om die swaar werk mee te doen nie. Wanneer Jesus `n plank in die skrynwerkerswinkel nodig gehad het, was Hy verplig om `n boom af te kap en dit in planke op te saag. Ons kan net na prente van houtkappers uit die verlede kyk om te besef hoe gespierd Hy moes gewees het.

Nog 'n punt wat ek wil oordra is dat 'n mens nie net 'n rowwe klomp vissermanne sal nader en sê "volg

(Vervolg op Bl. 6)

JESUS our living BREAD

As soon as you become aware of the bread and wine in Scripture, you will find many verses relating to them in the Bible. This happened to me and I want to share a few with you concerning the bread, which is symbolic of Jesus' Body broken for us on the cross and giving us healing. The shed Blood of Jesus paid for our sins, because without the shedding of blood, there can be no forgiveness of sin, according to God's Word. This is crucial to our salvation. However, have you noticed, that physical healing, as part of the atonement, is often neglected with the Lord's Table. Is this because of tradition of man, or ignorance, or both? I want to suggest that it is both. How can we pray for healing or believe for our healing if we are not taught that Jesus paid the price for it at Calvary? **Faith comes by hearing and hearing by the Word of God. (Rom. 10:17)** When our faith is built up by hearing the truth of God's Word, we are ready to receive the healing He desires to give us. By the wounds on the broken Body of Jesus, as represented by the Bread, we are healed. (1 Pet. 2:24)

Jesus is the Living bread, and we become even more conscious of this when we read the following four accounts of this truth in God's Word.

1. THEIR EYES WERE OPENED

Breaking of bread brings us closer to Jesus and opens our spiritual eyes. We read about the two friends on the road to Emmaus in Luke 24 They were walking and talking about the events that had just taken place regarding Jesus and the crucifixion.

V15: And it came to pass, that, while they communed together and reasoned, Jesus Himself drew near, and went with them.

V16: But their eyes were holden that they should not know Him.

Jesus spoke to them and questioned them on the subject; they were surprised that He had not heard about the events. They told Him everything and showed their obvious disappointment and confusion. He spoke to them about the prophecies in the Old Testament, concerning the Messiah that needed to be fulfilled, and yet they still did not recognise Him.

Luke 24:28-31: And they drew nigh unto the village which they went: and He made as though He would have gone further.

But they constrained Him, saying, Abide with us: for it is toward evening, and the day is far spent. And He went in to tarry with them.

And it came to pass, as He sat at meat with them, He took bread, and blessed it, and brake, and gave to them.

And their eyes were opened, and they knew Him; and He vanished out of their sight.

I believe that they were better able to discern spiritually once they had partaken of the broken bread. Their spiritual eyes were opened. Meg and I have definitely experienced this in our lives with the daily partaking of communion. The Holy Spirit's Gift of discerning of spirits never operated as strongly before, because we grow closer to Jesus everyday we break bread.

2. CANAANITE WOMAN'S FAITH

Another account involving the bread is found in Matt. 15:21-28, where the Canaanite woman came to Jesus begging Him to heal her daughter.

Matt.15:21-28: Then Jesus went thence, and departed into the coasts of Tyre and Sidon.

> "The shed Blood of Jesus paid for our sins, because without the shedding of blood, there can be no forgiveness of sin, according to God's Word. This is crucial to our salvation."



And behold, a woman of Canaan came out of the same coasts, and cried to unto Him, saying, Have mercy on me, O Lord, Thou son of David; my daughter is grievously vexed with a devil.

But He answered her not a word. And His disciples came and besought Him, saying, Send her away; for she crieth after us.

But He answered and said, I am not sent but unto the lost sheep of the house of Israel.

Then came she and worshipped Him, saying, Lord, help me.

But He answered her and said, it is not meet to take the children's bread, and to cast it to dogs.

And she said, Truth, Lord: yet the dogs eat of the crumbs, which fall from their master's table.

Then Jesus answered and said unto her, O woman, great is thy faith; be it unto thee even as thy wilt. And her daughter was made whole from that very hour.

Jesus shows her that the bread of healing is for the children of God but due to her persistence for the crumbs of bread only, Jesus remarked in v 28: **O woman, great is thy faith: be it unto thee even as thy wilt.** This woman would have been satisfied with the crumbs of the Living Bread which is symbolic of Jesus Himself. Her daughter was made whole from that very hour.

3. JESUS THE SHOWBREAD

In the Old Testament we read in Ps. 23:5: **Thou preparest a table before me in the presence of mine enemies.** The Lord's Table is prepared for us and when we partake of it as prescribed, it is a mighty weapon against the enemy. The

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Jesus our living bread..)
blood and the bread taken in a worthy manner. It is surely God's Table prepared for us .

In Ex. 25:30: We see that God commanded Israel. **Thou shalt set upon the table showbread before Me ALWAYS.** The bread constituted a continual thank offering to God, (**Do this as oft as you do it in remembrance of Me**) and it was referred to as the bread of "presence", signifying God's presence in the Holy of Holies. It was symbolic of Christ Himself – alive forever more and of whom we can partake daily. The Show Bread always had to be fresh. Wine and frankincense were offered with the bread. The wine, symbolising the Blood of Christ, the frankincense symbolises our praises and worship and gratitude.

4. JESUS THE LIVING BREAD

God provided manna for the Israelites in the wilderness and we are aware of the fact that this manna had to be collected daily. It was God's provision for them as bread from Heaven. Jesus compared Himself to this manna. In John 6:28 Jesus' disciples asked Him: **What shall we do, that we may work the works of God?**

This incidentally is the same question I asked the Lord. "Where is the power of the Church?" (the works of God)

That was the very question that resulted in this revelation He unfolded to me concerning the Lord's Table!

When Jesus was asked in verse 28 how they might have the power to do the works of God, He immediately said that firstly they must believe on Him, Jesus, (v 29) the true Bread from heaven, (v 32) the Bread of God, giving life, (v 34) give us this bread always (daily), this bread giving life. (v35) **I am the bread of life. He who comes to Me shall never hunger and he who believes in Me shall never thirst.**

John 6:47-58: Most assuredly, I say to you, he who believes in Me has everlasting life. I am the bread of life.

Your fathers ate the manna in the wilderness, and are dead.

This is the bread, which came down from heaven, that one may eat of it and not die.

I am the living bread, which came down from heaven. If anyone eats of this bread, he will live forever; and the bread that I shall give is My flesh, which I shall give for the life of the world.

The Jews therefore quarrelled among themselves, saying, "How can this man give us His flesh to eat?"

Then Jesus said to them, "Most assuredly, I say to you, unless you eat the flesh of the Son of Man and drink His Blood, you have no life in you.

Whoever eats My Flesh and drinks My Blood has eternal life, and I will raise him up at the last day.

For My Flesh is food indeed, and My Blood is drink indeed.

He who eats My Flesh and drinks My Blood abides in Me and I in him.

As the living Father sent me, and I live because of the Father, so he who feeds on Me will live because of Me.

This is the bread, which came down from heaven – not as your fathers ate the manna, and are dead. He who eats this bread will live forever!

I draw your attention to verse 51: **I am the living bread which came down from heaven. If anyone eats of this bread, he will live forever: AND THE BREAD THAT I SHALL GIVE IS MY FLESH…**

His flesh (symbolically), our daily bread, which will bring life to us just as the manna did for the Israelites, new every day.

I firmly believe that the Church will be restored to the place where the Lord will send out the 70's once again, (as described in Luke chapter10) and as they go out two by two they will preach the gospel, cast out devils, cleanse lepers, raise the dead, heal the sick, so that people in our villages, towns and cities will know that the Kingdom of God has come nigh unto them. They will break bread in homes and hospitals with believers who need to be healed and strengthened and with those who desire to accept Jesus Christ and the Good News of what He has done for them regarding their sins and sicknesses. They will be able to partake of the bread and the wine then and there, as they have believed. I have seen many people healed and delivered of all kinds of illnesses, physical and emotional, as they partake of the Lord's Table in a worthy manner, in faith. Not a hand was laid on them. It is Jesus Christ who is the Healer.

Can you imagine what a congregation would be like in which each family broke bread daily in the manner in which I have described? Firstly, I believe that sickness would diminish. Secondly, family squabbles and relationship problems would be reduced to a minimum as families and married couples forgave one another daily before they broke bread together!

The Shepherd (Pastor) would have more time to wait upon the Lord and to study the Word so as to be able to equip the sheep to go out and win souls for Jesus! Time would not be taken up with having to sort out bad relationships and problems between members of the congregation, as these would have been dealt with at home before taking communion each day.

Each one of us needs to win souls for Jesus, the believers are the ones who must do the work of bringing in the harvest. Shepherds do not have sheep – sheep have sheep. The congregation is to be equipped for this purpose.

The sooner we are built up and mature in Christ, and obey the instructions of Jesus, the sooner we can go forth and win souls for the Kingdom of God! Remembering Jesus' death on the Cross and proclaiming the benefits daily until He comes, keeps our eyes on Him and off one another's shortcomings as well as our own petty grievances. We have to proclaim Jesus' death in the Good News message to a lost world.

The mutilated body of Jesus on the cross, paid for all sickness, disease, pains and infirmities and His precious Blood paid for our redemption. He was and is the atonement for our sins, and has given us power over the forces of darkness and has made eternal life possible for us. Surely this is the Good News to proclaim DAILY to the entire creation until He comes again. HE PAID THE FULL PRICE. ✞

"The sooner we are built up and mature in Christ, and obey the instructions of Jesus, the sooner we can go forth and win souls for the Kingdom of God! Remembering Jesus' death on the Cross and proclaiming the benefits daily until He comes, keeps our eyes on Him and off one another's shortcomings as well as our own petty grievances. We have to proclaim Jesus' death in the Good News message to a lost world."

ons God van wonderwerke!

Ons dien 'n wonderlike Groot Here. Toe ek 18 jaar oud was het al wat 'n dokter is vir my gesê dat ek nooit in my lewe kinders sal hê nie. Ek het endomitriose in 'n baie erge graad gehad. Ek is 9 Oktober 2004 getroud met die wete dat ek dalk nooit kinders sou hê nie, maar ek het net op die Here bly vertrou vir 'n wonderwerk. Op die 3de Maart 2005 was ek teater toe sodat die dokter die endomitriose kon verwyder 3 weke na my operasie was ek reeds 5 weke swanger met my dogtertjie. Julle het saam met my gebid vir haar sodat alles in my swangerskap sowel as die geboorte goed sou afloop. Die Here het haar naam aan my gegee wat beteken wonderwerk van God (Limandi) met my 6 weke ondersoek by die ginekoloog het hy aan my gesê dat hy gedink het ons gaan nie deur druk tot die einde nie, ek het aan hom gesê Limandi het die Here as geskenk vir my gegee sy is my bid baba.
In Maart 2006 het daar sists aan beide my eierstokke gevorm. Die dokter het dit April 2006 verwyder, weereens het hy endomitriose verwyder. Hy het gesê dat die probleem nie sal verbeter nie, en dat ek geen voorbehoed middels mag gebruik nie.
Die dokter het aan my gesê dit sal 'n wonderwerk kos om weer swanger te raak. Limandi is nou 17 maande oud en ek het Vrydag 9 Maart uitgevind ek is weer 5 weke swanger. Ons dien 'n wonderlike groot Here wat alles by moontlik is!! Dankie dat julle saam bid!!
Mev S Loubser, Klerksdorp

Met my gaan dit nog baie goed deur die liefde van die Here. Nou een more toe ek wakker word, ontdek ek 'n yslike knop in my bors. Ek was bekommerd, my dogter sê toe ons moet dadelik 'n afspraak maak by die dokter. Ek maak toe so, maar ek sê vir haar, ek gaan die Here volkome vertrou. Toe bel ek die sentrum en julle het toe saam met my gebid. Ek kanselleer toe die afspraak, en die knop het heeltemal verdwyn. Prys die Here. By Hom is niks onmoontlik nie. Groete.
Tannie P Booyens, Warmbad

Gedurende November 2006 het ek aan u geskryf vir voorbidding vir my dikderm. Die spesialis het na ondersoeke, x-strale en 'n biopsie my mee gedeel dat ek 'n groot gewas in die dikderm het, dit was nie kwaadaardig nie, maar moet so gou as moontlik geopereer word. Weens onvoorsiene omstandighede moes ek skielik verhuis na Polokwane. Hier moes ek amper 3 maande wag om die spesialis te sien. Hulle het toe al die toetse van voor af gedoen. Twee spesialiste kon toe geen gewas vind nie. Ek wil u baie dankie sê vir u gebede, en bid u almal Gods rykste seën toe op al u werk by die sentrum. Verder kan ek net die Here Jesus loof en prys vir al Sy genade! Liefde groete!
Mev M van Niekerk, Polokwane

Beste Dr James en gebedspan. Hiermee wil ek graag vertel van nog 'n antwoord op julle gebede. Sowat 8 maande gelede het ek gevra vir gebed vir my regtergroot toon wat gediagnoseer is met gangreen. Drie dokters (2 chirurge) het onmiddellik amputasie aanbeveel. Een het gesê dit moet by die enkel afgesit word. Die 2de een het gesê onderkant die knie. Die 3de een het aanbeveel die hele toon en 'n gedeelte van die bunion. Die Here se genade is groot, en die genesings werk is gedoen waarvoor ek maar net dankie sê vir ons groot Meester. Prys Sy wonder Naam!!
Mev M Veni, Nigel

Net 'n brief om julle weereens te bedank vir al julle gebede en hulp. Ek het op die 15de Januarie die kantoor geskakel en Joey gevra om asseblief vir u te vra om vir my skoonseun se broer wat met kanker gediagnoseer was. Dokter het vir hom gesê 3 maande, of uiterste 3 jaar. Na toetse het hulle gesê dat dit lyk of dit dalk nie so erg is nie, maar na die operasie het hulle bevestig dat dit nie nodig was vir 'n kolon sakkie nie, en gister het die toetse bevestig daar is geen kanker, en ook nie nodig vir chemo.
Ek het vanoggend die Sentrum geskakel om die goeie nuus te vertel. Net 'n bewys dat gebed en die Mag van ons Groot en Almagtige Hemelse Vader kan alles verander!! Baie dankie nogmaals, en al die Eer aan ons Hemelse Vader! Baie liefde en dank aan almal daar.
Mev B Smith, Gordons Baai

Ek wil Dokter en Meg hartlik bedank vir gebed wat plaas gevind het by die sentrum, en dat Dr. vir my gebid het. Ek kan net dankie sê vir die Here, die pyn wat ek solank mee saam geleef het waarlik genees is. Ek het met pynlike bekommernis aan die pyn meer as 30 jaar saam geleef en nooit gedink dat die pyn sal verdwyn nie. Die dokter het vir my gesê dat ek vir die res van my lewe daarmee sal saamleef. Ek wou die dokter nie glo nie, noudat ek die boekie gelees het, "God Wil Jou Genees", het ek begin glo dat ek genees sal word. God is wakker oor Sy Woord, en dat Sy Woord vas staan in die hemel. Ek is regtig verlig van pyn!!
Mnr P Titus, Ceres

Liewe Dr James, Meg en al die medewerkers by Stanger. Baie dankie vir al u gebede vir my klein dogter, Le Handrie Warden. Sy was Vrydag die 23ste Maart vir die breinscan. Alles wys skoon geen afwykings nie. Ons prys die Here!! Wat 'n groot wonderwerk. Baie dankie vir al julle gebede. Loof my Jesus!! Hy is so goed vir ons.
Ouma Pat, Bethlehem

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Deur die wonde van Jesus)
my!" en dan verwag dat hulle, sonder enige argumente, hul nette sal laat staan nie, tensy die EEN wat hierdie woorde spreek, sigbare eienskappe van krag, manlikheid en gesag vertoon nie.

Laastens het Jesus, toe Hy in die Tempel gekom en gevind het dat Sy Vader se huis in `n plek van rowers verander is, eiehandig sonder enige teenkanting, die tafels omgekeer en die handelaars en hul besighede gesluit. Dit is vir my `n bewys dat niemand kans gesien het om Hom fisies te probeer stuit het nie. Ek glo dat dit nie net te wyte was aan Sy gesag nie, maar beslis ook aan Sy fisiese krag.

Hierdie sterk Jesus was nie in staat om Sy kruis te dra nie. Simon van Sirene, wat volgens oorlewering 'n swart man was, is beveel om die kruis vir Jesus tot bo-op die heuwel te dra, waar reeds twee ander kruise gestaan het (Matt. 27 : 32).

Aan die een het 'n moordenaar en aan die ander 'n rower gehang. Jesus se kruis sou tussen hierdie twee wees.

Luk. 23:33: En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant.

Alhoewel Lukas die kruisiging slegs in `n paar woorde beskryf, was dit `n afgryslike gebeurtenis wat elke keer plaasgevind het wanneer iemand gekruisig is!

Soos ek dit beskryf sal jy besef hoe dit die Vader moes folter om Sy kosbare, sondelose, vlekkelose Seun tot die uiterste toe moes sien ly. Let op, soos ons deur die doodstryd gaan, hoedat Jesus van die kroon van Sy hoof tot die sole van Sy voete gewond en gekneus was – dit was om vir siektes en kwale van ELKE deel van ons liggaam te betaal. Van die hoof tot die tone. Hy het dit alles op Homself geneem! Van die doringkroon op Sy hoof tot die skerp spyker wat dwarsdeur Sy voete geslaan is.

Romeinse soldate het Jesus op die kruis vasgehou met een arm op die dwarshout uitgestrek. 'n Vierkantige spyker (omtrent 15cm lank) met `n skerp punt is deur Sy gewrig, wat deel van Sy hand is, gekap. Ek glo dat dit deur Sy pols gewrig was omdat daar net sagte weefsels in die hand is wat maklik sou uitskeer sodra die liggaam se gewig daaraan hang. In die gewrig is daar agt klein en twee lang bene, wat deur sterk ligamente en senings aanmekaar gehou word. Hierdie bene is uitmekaar geskeur deur die spyker en die pyn moes onbeskryflik gewees het. Ons weet hoe pynlik dit is om net `n gewrig te verstuit. `n Dik senuwee, naamlik die mediaan senuwee wat in die middel van die gewrig is voorsien beweging aan die duim en gevoel aan 'n groot deel van die hand. Hierdie senuwee is oor die skerp kant van die spyker gespan, soos 'n kitaarsnaar oor sy brug, en dit het geweldige krampe in die duim veroorsaak sodat die duimnael diep in die handpalm gesny het.

Een van die pynlikste toestande is om 'n senuwee te rek en dit is presies wat hier gebeur het. Almal was al in `n tandartsstoel waar `n tand gestop is. Wanneer die boor naby die tand se senuwee kom (wat maar die dikte van `n haar is) is die pyn geweldig. Kan jy jou voorstel hoe ontsettend dit moet wees as `n dik senuwee, die dikte van `n breinaald, voortdurend in `n gestrekte posisie oor `n spyker is?

Hulle het Jesus se ander arm, sovêr moontlik na die teenoorgestelde rigting gestrek. Die tweede spyker is deur Sy ander gewrig tot diep in die hout geslaan.

Sy twee voete is plat, die een op die ander, teen die kruis geplaas. Dieselfde soort spyker, maar `n langer een is deur albei voete geslaan en dit het die voetbeentjies uitmekaar geskeur. Dit is belangrik om te weet dat Sy knieë in 'n gebuigde posisie was. Daar was `n rede hiervoor, wat ons later sal bespreek. Die kruishout is opgelig en die onderpunt is in die gat, wat gegrawe is, laat val. Op daardie oomblik het die stryd tussen lewe en dood begin.

Toe die kruis onder in die gat vasslaan, het die liggaam nog deur die dryfkrag en gewig aanhou beweeg. Dit het nie net verdere skeuring van die weefsels, vel en senings ens. veroorsaak nie, maar die skouergewrigte is ook, deur die skielike ruk, uit hul potjies geruk. Die Psalmis het reeds `n duisend jaar tevore vertel dat al die beendere in Sy liggaam ontwrig sal raak. (Ps. 22:15). Dit het ook veroorsaak dat die borsspiere opgetrek het en die longe in 'n permanente posisie van inaseming was. Dit is dieselfde as om `n hewige asma aanval te hê. Die longe is vol lug, maar Hy kon dit nie uitblaas nie. Dit het `n tekort aan suurstof in die bloedstroom veroorsaak, sodat Sy vel `n blou kleur gekry het en Sy oë uitgepeul en bloedbelope was. Geweldige perspirasie, soos met versmoring vind plaas en hierdie sweet loop in die rou wonde wat die pyn nog verder vererger. Hierdie toestand is medies bekend as metaboliese asidose en kan vergelyk word met die krampe wat by `n onfikse atleet voorkom gedurende oefening.

Stel jou die vreeslike pyn voor wat hierdie krampe veroorsaak! Almal het al een of ander tyd `n kramp in `n been gehad.

Al manier waarop die Gekruisigde 'n bietjie suurstof kon kry was om Sy knieë reguit te maak en die volle liggaamsgewig op die een spyker deur Sy voete te plaas. Die spiere wat die bors optrek verslap dan en die bors beweeg af en maak uitaseming moontlik. As gevolg van die geweldige pyn in die voete, moet Hy baie vinnig asemhaal, alhoewel Hy dit bitter nodig het, en dan die knieë weer buig. Die liggaamsgewig hang nou weer aan die ontwrigte skouers.

Hierdie proses hou vir ure aan terwyl swakheid toeneem. Uiteindelik was Jesus te swak om Sy bene reguit te maak en sterf weens versmoring.

Gedurende die stryd ontwikkel akute hartversaking en water vorm om die hart a.g.v swak bloedsomloop. In Jesus se geval het Sy lyding aan die kruis ses ure geduur.

Jesus het nie een keer Sy mond oopgemaak om te kla, gedurende al hierdie fisiese marteling en pyn nie. Die Bybel sê dat Hy soos `n lam was wat na die slagplek gelei is (Jes.53:7). Toe Hy egter my en jou sondes op Homself geneem het, en Sy Vader Sy gesig weggedraai het van Sy Seun, (want God kan nie sonde aanskou nie) het Jesus in smart uitgeroep, **"My God, my God, waarom het U My verlaat?"** Matt.27:46. Jesus was slegs vir `n oomblik deur God verlaat, maar hierdie smart was vir Hom erger as enige fisiese lyding wat Hy deurgemaak het! Hierdie, behoort vir ons, as ons nie wedergebore is nie, `n waardevolle les te wees, want ons kan vir ewig van God verlaat wees. Jesus het altyd Sy Hemelse Vader as "Vader" aangespreek, maar met die geleentheid, waar Hy van Sy Vader geskei was deur ons sondes, wat Hy op Hom geneem het, het Hy Hom "God" genoem! Net hierna het Jesus uitgeroep:

"Dit is volbring" (Joh.19:30) en **"Vader, in U hande gee Ek my gees oor!" (Luk. 23:46).**

Die verlossingswerk is voltooi en die volle prys is betaal. Hierna is Sy Liggaam begrawe en op die derde dag het Hy uit die graf opgestaan. Onthou dat Jesus, voor Hy gesterf het aan die misdadiger langs Hom gesê het: **"Voorwaar Ek sê vir jou, <u>vandag</u> sal jy saam met My in die Paradys wees." (Luk.23:43).** Ek wil hier net noem dat Jesus nie na Sy dood na die hel gegaan het nie! Daardie lering is `n leuen van die duiwel; daarom het ons `n boek oor die onderwerp geskryf nl. "Jesus was nie in die hel nie.", dit is verkrygbaar van Stanger Christen Sentrum.

Die algemene geloof van daardie tyd was dat die gekruisigde vervloek was, en dat daardie vloek terug sou kom na die land as die liggaam nie voor sononder verwyder is nie (Gal.3:13). Gevolglik het die soldate

(Continued on page 8)

uit Dr James se kantoor



Uit Dr. James se Kantoor

Geliefde familie in Jesus,

Soos ons almal weet, is daar in die laaste tyd baie verskillende aanvalle op die persoon van Jesus Christus, en ons het die verskillende leuens wat in omloop is in ons nuusbriewe bespreek. Hulle het die leuen, dat Hy getroud was met Maria Magdalena en kinders gehad het, ingesluit, die leuen dat Hy met Judas ooreengekom het en Sy eie dood gereël het, die leuen dat Hy nie gesterf het nie, maar na Arabië gegaan het, die leuen dat Sy liggaam gesteel is en die leuen dat Hy homoseksueel was! Al hierdie walglike fabrikasies is gerig teen Jesus die Seun van God en kan deur God vergewe word as daarvan bekeer word en dit verwerp word. Daar is egter `n leuen wat al vir 2000 jaar bestaan en wat weer met nuwe mag opgeduik het en dit is die leuen dat Jesus nie fisies uit die dood opgestaan het nie.

Hierdie is die grootste leuen, want dit is in werklikheid die onvergeefbare sonde, nl. sonde teen die Heilige Gees en wat Jesus gesê het, nie vergewe kan word nie (Matt. 12 vers 31).

God se Woord sê vir ons in Rom. hoofstuk 8 vers 11, dat dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, in ons woon. Diegene wat verkondig dat Jesus nie uit die dood opgewek is nie, ontken in werklikheid die magtige werk van die Heilige Gees Self. God se manier van verlossing vir die mens word in Rom. 10:9-10 weergegee, wat sê: **As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.** Dit is dus baie duidelik dat as ons nie glo en bely dat Jesus uit die dood opgewek is nie, ons nie gered is nie, ons kan nie wedergebore wees nie. God weet dit en daarom is dit so `n belangrike deel van ons verlossing. Sonder die opstanding van Jesus, glo ons tevergeefs, hoop ons tevergeefs! Paulus sê dit vir ons in Titus 2:13. Die duiwel weet dit ook en hy is aktief betrokke in die aanmoediging van paneel besprekings en sinlose debatte tussen die sogenaamde geleerdes en intellektueles (insluitend sommige teoloë), oor die onderwerp of Jesus werklik uit die dood opgestaan het of nie, en hoe dit moontlik is vir `n dooie mens om weer op te staan? Laat ek julle verseker, eens en vir altyd, met die ondersteuning van die Skrif, dat Vader God, sonder enige twyfel, Jesus uit die dood opgewek het deur die werking van die Heilige Gees (Rom.8:1). Hy leef vir altyd en sit aan die regterhand van Sy Vader, totdat Hy diegene van ons kom haal wat dit met ons hele hart glo. Johannes bevestig dat Jesus leef en sê in Openbaring 1 vers 18: **en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid.**

Met `n dankbare hart wil ek julle innig bedank vir jul voortdurende liefde en ondersteuning vir die werk van die Here wat uitgaan vanaf Stanger Christelike Sentrum. Soos julle weet sal ons nie sonder jul getrouheid by magte wees om die Woord van God regoor die Land en buite die grense, te versprei nie en in hierdie tye, is God se onfeilbare en Ewige Woord die enigste lewenslyn wat daar is. Ons waardeer julle aktiewe betrokkenheid, jul gebede en jul getrouheid geweldig.

Julle s`n in ons herrese Jesus Christus, Here en Verlosser.

Dr James

Spesiale word van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

Belangrik

Ons vra groot asseblief julle samewerking met betrekking tot jul gebedsversoeke per faks. Beperk asb. julle versoek tot EEN bladsy, wat net EENKEER gestuur hoef te word. Ons het bladsye geduplikeerde fakse ontvang, wat soms selfs drie tot vier keer deur gefaks is en `n geweldige kiomp papier word dus vermors. Ons waardeer julle liefde en begrip in hierdie saak.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Deur die wonde van Jesus)
gewoonlik net voor sononder, as die gekruisigde nog nie gesterf het, 'n yster paal geneem en die slagoffer se bene net onder die knieë afgeslaan. Dit sou dan vir hulle onmoontlik wees om hul bene reguit te maak, sodat hulle kon asem skep en sal dan versmoor.

Toe hulle egter by Jesus gekom het, was Hy reeds dood. Hiermee is die profesie vervul waar staan dat nie `n been in Sy liggaam gebreek is nie (Joh.19:32-33).

'n Romeinse soldaat het 'n spies geneem en dit in Jesus se sy gesteek. Ek glo dit was Sy regtersy, want sodoende het dit deur Sy ingewande, lewer, longe en tot in Sy hart gegaan. Toe die spies Sy hartsak (pericardium) binnegedring het, het die water wat rondom die hart versamel het, weens die akute hartversaking, uit die wond geloop. Die oomblik toe die spies deur die hartwand gedring het, het bloed ook uit die wond geloop (Joh.19:34).

As ons `n voorstelling van die onsettende lyding en verminking in ons gedagtes kan maak, sal ons besef dat die liggaam van Jesus onherkenbaar geskend was. Hierdie prent toon beslis geen ooreenkoms met dit waaraan ons gewoond is, wat deur tradisie vir ons geskilder is van Jesus aan die kruis. `n Prent van Jesus met 'n engelagtige uitdrukking op sy gesig, hare netjies gekam met hier en daar 'n spatseltjie bloed op Sy gesig en liggaam en 'n lendedoek om Sy heupe gedrapeer. Ek glo dat Hy daar *naak* gehang het. Vir 'n Jood was dit die grootste vernedering denkbaar – om nakend in die openbaar te wees .

Jes. 52:14: Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos die van 'n mensekind nie.

Nog nooit was 'n liggaam só vermink soos die van Jesus Christus die Seun van God wat vir my en jou redding en genesing die prys betaal het.

Kan jy sien hoedat Sy liggaam gebreek was, van die kroon van Sy hoof, waar dorings Sy kopvel binnegedring het, tot Sy voetsole waardeur `n spyker gekap is! Elke deel van Sy liggaam was gebreek om vir die genesing van ons liggame te betaal. Sy hoof, oë, neus, ore, tande, lippe, vel, longe, ingewande, lewer, hart en nog meer is gewond vir "elkeen" wat glo en deur geloof, so `n wonderlike Verlosser en groot Offer ontvang!

Dit is van hierdie wonde wat Jesaja, Mattheus en Petrus gepraat het, en ook Jesus, toe Hy die brood by die laaste Paasmaal gebreek het. Hierdie wonde kan deur geen kerk, teologie of tradisie wegredeneer word nie en daarom is dit 'n onomwonde feit dat DIT GOD SE WIL IS OM TE GENEES. Waarom anders sou Hy toegelaat het dat Sy Eniggebore Seun op so `n wyse vermink word? Jesus kon vir ons siektes betaal omdat Hy geen siekte geken het nie. Hy kon vir ons sondes betaal omdat Hy sondeloos was. Hoeveel van ons onderskei wat die Here se Liggaam vir ons aan die kruis gedoen het?

1 Kor. 11:29-30: Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. **Daarom is daar *onder julle baie swakkes en sieklikes, en* 'n aantal het ontslaap**.

Dit is waar dat daar vandag baie swakkes en sieklikes in die kerke is omdat die regte lering ontbreek, en dus onkunde dat genesing moontlik is deur onderskeiding waarvoor die Here se gebreekte liggaam betaal het.

Terloops, as jy miskien weer die Joodse ongesuurde brood matza in die hande kry, bekyk dit goed van naby. Jy sal baie klein gaatjies daarin sien. Dit verteenwoordig die steekplekke van die dorings in Jesus se kopvel, die spykermerke in Sy hande en voete asook die spies steekwond in Sy sy. Jes. 53:5 sê**: Maar Hy is ter wille van ons oortredinge DEURBOOR** (Eng. **But He was PIERDCED for our transgressions.)** Daar is diep vore oor die matzas. Dit verteenwoordig die diep wonde wat die kats veroorsaak het toe Jesus gegesel is. **(...en deur Sy WONDE het daar vir ons genesing gekom Jes.53:5).** Jy sal ook donkerder opgepofte areas op die matzas vind. Dit verteenwoordig weer die kneuswonde aan die liggaam van Jesus. **(ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel Jes.53:5.** Eng. **He was BRUISED for our iniquities).** Die matzas is ongesuurde brood en simboliseer die sondeloosheid van Jesus, terwyl suurdeeg sonde verteenwoordig. Jesus is die VLEKLOSE Lam van God. Die Jode gebruik hierdie ongesuurde brood elke jaar met hul Paasfees en dit het reeds met hul vlug uit Egipte begin. Hulle gebruik van die matzas strek reeds oor dekades, met al die ooreenkomste van Jesus se Gebreekte Liggaam, **(Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis 1 Kor.11:24)** tog het hulle nog nie besef dat Jesus Christus die sondelose Paas Lam, hulle Messias is nie. God het egter in Sy Woord belowe dat Hy, net sodra die volle getal heidene in gekom het (Rom.11:25) hulle oë sal open en dat hulle na Hom wie hulle deurboor het sal kyk.

Hierdie hoogste offer is reeds 2000 jaar gelede vir JOU en MY gebring. As ons dit aanneem kan ONS die ewige lewe en VOLKOME GENESING, Gees, Siel en Liggaam ontvang. ✞

> **Hierdie hoogste offer is reeds 2000 jaar gelede vir JOU en MY gebring. As ons dit aanneem kan ONS die ewige lewe en VOLKOME GENESING, Gees, Siel en Liggaam ontvang**